
blanke stede in die omgewing.

Vir hierdie onvolledige ontwikkeling van die stede van Bophuthatswana kan baie redes aangevoer word. Uit die beplanner se oogpunt is een rede egter voor die hand liggend, en dit is dat die stede nie as sentrale plekke ontwerp is nie. Die straatpatroon lei die verkeer nie spontaan na 'n sentrale punt waar aktiwiteite gekonsentreer kan word en waar dus magnete geskep word wat sentrale sakekernfunksies daarheen lok nie. En dié kritiek geld in groter mate vir die padnetwerk van die omgewing en die openbare vervoerdienste wat die verskillende streke bedien. Dit is in albei gevalle toegespits op die Blanke dorpe buite Bophuthatswana. Daar kan natuurlik aangevoer word dat paaie en busroetes nie op tuislandstede toegespits word nie omdat daar geen behoefte aan sodanige verkeer bestaan nie. Maar tot tyd en wyl die kragte wat so 'n behoefte teenwerk opgespoor en uitgeskakel word sal die stede van Bophuthatswana nie tot volwaardige dorpe in die erkende sin van die woord kan ontwikkel nie.




# SOMMIGE ASPEKTE VAN DIE VERSTEDELIKINGSPROSES IN ONTWIKKELENDE LANDE

deur

**N. MAREE en M.S. BADENHORST**

"Functional urbanization encompasses the location of towns or a hierarchy of towns within the homogeneous matrix - homogeneous in terms of unity of social, financial and administrative organization, tied together by an integrated system of communications"(1).

Afgesien van die streekgedagte daarin vervat, kan hierdie beskrywing van Page ook gesien word as die ideale verstedelikingsmodel vir 'n ontwikkelende land.

Daar skyn egter twee aspekte te wees waarna verwys kan word. Eerstens wil dit blyk asof 'n groot stedelike konsentrasie onvermydelik is alvorens die proses miskien self-korrigerend word. Tweedens is daar aanduidings dat sommige van die minder suksesvolle (unworkable) aspekte van die moderne metropole ook vir die ontwikkelende stede aanvaar word. Baie van die ontwikkelende lande het nog nie 'n bevolkingstal bereik wat vergelykbaar is met sommige metropolitaanse gebiede van die westerse wêreld nie.

## MIGRASIE EN VERSTEDELIKING

Die migrasie na stedelike gebiede is 'n wêreldwye verskynsel maar in ontwikkelende lande en veral in die Derde Wêreld, blyk dit dat die stedelike bevolking grootliks in een primaatstad gekonsentreer word. Baie min ander stede bekom 'n nywerheidsbasis wat met westerse voorbeelde vergelykbaar is. Tussen 1953 en 1963 het die bevolking van Abidjan in die Ivoorkus met 129 000 gegroei waarvan 76% immigrante was. Die toename in Sao Paulo in Brasilië vir die jare 1950-1967 was, 4,7 miljoen waarvan immigrante 70% uitgemaak het (2).

Ofskoon 'n verskeidenheid van sosiale en politieke faktore die migrasievloei beïnvloed, is die ekonomiese motief die hoofoorweging. Die vraag is egter watter persentasie van die migrante suksesvol is om werk te bekom. Baie soek miskien nie eens nie maar beskou heelwaarskynlik die risiko as geregverdig weens die verskil in plattelandse en stedelike inkomstes. In teenstelling met hierdie bevolkingstoename wil dit blyk dat die aantal werkgeleenthede nie ooreenstemmend toeneem nie. Volgens Butler en Crooke (p 45) het Rio de Janeiro se bevolking in die dekade 1950-1960 met 39% toegeneem teenoor slegs 5% in die groei van werkgeleenthede.

Dit kan dan seker gestel word dat die transformasie van die stedelike proses een van die baie ontwikkelingsprobleme in die onderontwikkelde lande is.

## ONTWIKKELINGSPROBLEME EN BELEID

Een van die langtermyn doelstellings van ontwikkeling is die gestadige transformasie van die minder-ontwikkelde landboubasis na 'n meer nywerheidsgeoriënteerde ekonomie.

Die migrasiestroom vergroot die golf tussen plattelandse en stedelike gemeenskappe en die ruimtelike verspreiding van ontwikkeling word nie juis hierdeur aangehelp nie. Om die belangrikheid van 'n plattelandse ontwikkelingstrategie te beklemtoon is dus te verwagte, veral as die bewyse daar is dat die ander plekke 'n lae groeitempo toon.

Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen toenemende verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling maar die vraag kan gestel word of verstedeliking altyd ekonomiese ontwikkeling voortbring. Dit word daarop gewys dat in vergelyking met geïndustraliseerde lande baie van die ontwikkelende lande 'n hoër stedelike verhouding het as wat die vlak van ekonomiese ontwikkeling wil regverdig. Die tweeledige probleem word dan ondervind om te handel met die fisiese en ekonomiese probleme van 'n vinnig-groeiende stedelike bevolking en terselfdertyd die voorsiening vir 'n groter-wordende plattelandse bevolking.

Verder lei die gebrek aan toenemende stedelike indiensneming weer tot groter werkloosheid veral waar te doen gekry word met kapitaalintensiewe stedelike nywerheidsektor. Daar bestaan dan 'n

(1) Page, D. The urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal. Publikasie van die Universiteit van Pretoria, nr 32, p. 7

(2) Butler, J. and Crooke P. Urbanization. London 1973, p 24.

probleem vir beide die migrante en die administrasie wat die taak het om voldoende stedelike fasiliteite te voorsien. Die migrante moet leefruimte bekom en 'n gebrek aan behuising laat die plakker 'n toenemende probleem word. In hierdie verband kan die vraag dan gestel word of daar nie aan 'n ander tipe grondbesitstelsel as wat in die meeste westerse lande geld, gedink moet word nie.

Omdat vervaardiging as 'n sleutelfaktor vir algemene ontwikkeling beskou word en daar dan 'n mate van versteuring in die patroon van verstedeliking kan wees, word die klem weereens gelê op vervaardigingsbedrywe in die platteland. Die grootste persentasie van die bevolking van ontwikkelende lande is nog daar gevestig en om die meerderheid van die bevolking te bevoordeel en lewenstandaard te verhoog sal plattelandse ontwikkeling moet plaasvind.

Dit moet egter verwag word dat stedelike groei gevoed sal word deur die migrasie van die nog so groot persentasie wat in die landbou bedrywig is. Die geleenthede vir voortgesette stedelike uitbreiding is dus nog groot. Vir ontwikkelende lande om egter onnadenkend 'n patroon te aanvaar op voorveronderstellings gebaseer op al die tekens in ontwikkelde lande, mag nie veel sin maak nie. Algemeen gesproke, hoe stadiger die tempo van verandering hoe groter kan die regering se invloed op die rigting daarvan wees maar "Put all these factors together - cities before industry, population explosion, capital-intensive technologies in labour-rich societies —— and we can see the degree of blockage in the system"(3).

## PATROON VAN ONTWIKKELING

Die basiese patrone is die volgende:

1. Konsentrasie in die grootste stede
2. Totale dispersie
3. Strategie van beperkte dekonsentrasie

Alonso en Hirschman is onder diegene wat dit stel dat konsentrasie tipies is van die "take-off" stadium en dat liggingsteorie aangepas vir ontwikkelende lande wil aandui dat die doelwit van doeltreffendheid die beste gedien sal word deur 'n beleid wat konsentrasie, tenminste op die korttermyn, toelaat. Die neiging vir gelykmaking of groter balans sal later intree.

Die studies oor die groottes van stede waarin onder andere aangetoon word dat koste per capita styg nadat 'n sekere drumpelwaarde bereik is, is welbekend. Soms word die aanvaarding dan ook gemaak dat groot stede onekonomiese liggings vir ontwikkeling kan wees en gewoonlik ook met die aanvaarding dat minder ontwikkelde gebiede groter moontlikhede vir hoër rendement inhou. Indien die groter stad minder doeltreffend sou wees en as daar in die meer agtergeblewe streke voordeliger onontginde geleenthede voorkom, dan sou 'n beleid om oorkonsentrasie teen die werk die aangewese een wees. Daar is egter blykbaar geen basis vir 'n aanvaarding dat oorverstedeliking as sulks skadelik vir die doeltreffendheid van ekonomiese ontwikkeling is nie.

Die neiging van polarisasie in een of meer kerngebiede gedurende die vroeë stadiums van ontwikkeling sal slegs teengewerk kan probeer word deur 'n verklaarde nasionale beleid vir 'n meer gebalanseerde verspreiding. Die dilemma van ontwikkelende lande is egter dat sulke planne groot kapitaalkostes vereis wat nie altyd bekostig kan word nie. Hierdie faktor en die differensiële voordele van die groot stede is sekerlik van die redes waarom die "back to the land" beleid in Kenia nie baie suksesvol was nie. Die filosofie bly egter dat plattelandse ontwikkeling deur groei in die kleiner sentra ook toenemende verstedeliking sal veroorsaak.

Die beplanningsprobleem is dan hoe ' stelsel ten opsigte van eienskappe en verspreiding sal verander soos ekonomiese ontwikkeling vorder.

## WERKGELEENTHEDE

Nuwe gemeenskappe word weens 'n groot aantal redes gestig, maar om 'n sukses te wees is die hoofdoelwit om mense aan te trek en te behou. Hiervoor moet 'n wye reeks indiensneminggeleenthede bestaan. Ook vir die sosiale balans (wat soms die vaagste beskryf word) sou dit gestel kan word dat werkgeleenthede wat 'n wye reeks bekwaamhede en verskillende inkomstes verlang, 'n vereiste moet wees.

Daar is sommiges wat glo dat tersiêrisasie armoede na die stede verplaas en daardeur 'n parasitiese en ondoeltreffende stedelike sektor met onderindiensneming skep. In Brasilië byvoorbeeld het die gemiddelde loon tussen die jare 1963-1973 met 14% afgeneem as gevolg van inflasie en groter kompetisie om werkgeleenthede.(4)

As gevolg van die steeds groeiende gaping tussen bevolkingsgetalle en werkgeleenthede is 'n steeds groter deel van die stedelike bevolking op hulself aangewys vir 'n bestaan en wat dan 'n heenkome in die informele sektor moet vind. In baie van die ontwikkelende stede is dan ook meer as 50% van die bevolking in hierdie sektor bedrywig. Die informele- en formele sektore werk egter nie onafhanklik van mekaar nie, maar is tot 'n groot mate interafhanklik in dié opsig dat 'n herverspreiding van welvaart bewerkstellig word. Dit is by die voorsiening van behuising waar daar onder andere 'n groot uitruiling van welvaart plaasvind.

Juis weens die feit dat alle migrante op een of ander manier aan die bou van 'n "huis" deelgeneem het, dat stedelike behuising beskou kan word as 'n groot skepper van werkgeleenthede in die informele sektor want die werk word gedoen deur lede van dieselfde sektor. Verder is dit 'n waardevole opleidingsgebied vir die omskakeling van ongeskoolde na geskoolde arbeid. Plakkery is 'n algemene verskynsel in stede van die ontwikkelende lande. Gewoonlik word die kaias (informele behuising) van enige denkbare materiaal aanmekaargeflans. Die koste van behuising word by die inkomste aangepas en mettertyd word die geboue deur meer permanente strukture vervang. Die groter permanentheid van die behuising skep 'n groter sekuriteit. Die informele behuising bied 'n beleggingsmoontlikheid hoe gering ookal. Hierdie informele en soms onwettige behuising bied egter 'n afspringplek na groter welvaart aan lede van die informele sektor.

Dit is vanselfsprekend dat die prioriteit vir die indiensnemingstruktuur een moet wees wat die minste kwesbaar vir werkloosheid sal wees. Vir die ontwikkelende lande blyk bevredigende ontwikkeling eerder gesoek te word op 'n basis van lae kapitale investering gekoppel aan hoë arbeidsinvestering. Tenspyte van toenemende industrialisasie hou industriële indiensneming ook nie tred met die bevolkingsgroei nie. In die ontwikkelde lande het die groter nywerheidsmobiliteit in die praktyk beteken dat verdere beweging na bestaande nywerheidskonsentrasies plaasgevind het. In die geval van ontwikkelende lande of periferale ondergeïndustrialiseerde streke sou die taak van die totstandbring van 'n nywerheidsontwikkelingspunt minder gedug wees as die hoofnywerheid beperk word tot een sektor en die verwante nywerhede tot daardie wat vir suksesvolle funksionering absoluut essensieel is. Hierdie stelsel is onder andere vir die Bari-Taranto-Brindisi ontwikkelingspool in Suid-Italië gebruik deur in die begin te konsentreer op swaar- en ligtemasjien konstruksie wat die belofte van maksimum uitbreiding en indiensneming getoon het(5).

'n Verdere aspek in hierdie verband wat in ontwikkelende lande baie spesiale aandag moet kry is die opleiding om persone toe te rus vir die indiensneming wat deur die proses van ontwikkeling opgewek word. 'n Baie nouer skakeling tussen opvoedkundige beleid en die werking van die arbeidsmark behoort te bestaan.

## INTERNE ONTWIKKELING

In hierdie verband wil slegs na enkele gedagtes verwys word, gesien teen die agtergrond dat feitlik alle lande wat as ontwikkelend bestempel word, 'n tweevoudige kultuur dra.

Dit moet aanvaar word dat die ontwikkeling van stedelike sentra in hierdie lande gebaseer word op aannames soos toegepas in bestaande westerse modelle. Bewerings is dan al gemaak dat hierdie lande dit nie kan bekostig om op hierdie wyse te verstedelik nie. Aspekte wat dan genoem word is hoë geboue en ontspanning omdat laasgenoemde soos gewoonlik geassosieer met ontwikkelde gemeenskappe nie in die tradisionele gemeenskap gevind word nie.

(3) Ekistics, Vol 41, No 244, p. 133.

(4) Butler, J and Crooke. op. cit p. 45

(5) Ekistics, Vol 30, Nr 180, November 1970, p. 382

Blykbaar is die bestaan van die informele sektor ook tot dusver deur beplanners oor die hoof gesien. Deur die belangrikheid van hierdie sektor te erken sal die fasiliteite verwant daaraan voorsien kan word. Daar sal byvoorbeeld in die vroeër fases van ontwikkelingstadsentrum voorsiening gemaak kan word vir informele behuising saam met klein erfies vir die aktiwiteite van die informele sektor. Hierdie erwe moet dan ten nouste skakel met die openbare mark wat die belangrikste komponent van die informele sektor is.

Die voorsiening van geriewe aan die informele sektor noodsaak 'n heroriëntasie in die denke van beplanners in dié opsig dat dit 'n afwyking is in die skepping van klinies-gesoneerde gebiede. In die latere fases van ontwikkeling sal die markmeganisme 'n verandering teweegbring en 'n ander gebruikspatroon laat ontstaan.

**DIE TUISLANDE**

Prof P Smit het in die Tydskrif van die Departement van Beplanning en die Omgewing (Nr 10, 1976) 'n insiggewende bydrae gelewer oor die mobiliteit en verstedeliking in die Tuislande. Meer spesifiek ten opsigte van Lebowa kan na aanleiding van die gedagtes op die voorafgaande bladsye, die volgende toepassing gevind word. Die gegewens is geneem uit die Ekonomiese Revue van Lebowa soos in 1976 deur BENBO gepubliseer.

1. Van die de facto bevolking is ongeveer 6% verstedelik wat heelwat laer is as baie voorbeelde uit onder ontwikkelende lande. Aangesien die ekonomiese bedrywige gedeelte van die bevolking nog hoofsaaklik in die landbousektor werksaam is, is die potensiaal vir verstedeliking nog groot.

2. Die manlike afwesigheidskoëffisiënt in 1970 was 18, 9 wat indirek die gebrek aan werkgeleenthede aantoon weens die onvermoë om die manlike bevolking van emigrasie te weerhou. Dit toon dan die gaping wat bestaan eneen van die grootste probleme van agtergeblewe lande om nuwe werkgeleenthede te skep teen 'n tempo wat die groei van die aktiewe bevolking kan balanseer.

3. Die verspreiding van dorpe is grens-georiënteerd waardeur bedoel word dat feitlik almal op of naby die grense tussen Lebowa en die R S A is. Die drie grootste dorpe en 'n aanduiding van hulle groei is:

| | 1970 | 1975 |
|---|---|---|
| Mahwelereng | 11 700 | 13 700 |
| Namakgale | 11 600 | 19 700 |
| Shesego | 27 500 | 33 700 |

Die nuwe hoofstad Lebowakgomo is die enigste groeipunt maar die ontwikkeling is nog baie stadig en die beoogde nywerheidsgebied funksioneer ook nog nie. Daar word egter beplan vir 70 000 huise oor die volgende 20 jaar wat teen ongeveer 6 persone per huishouding 'n bevolking van ongeveer 420 000 persone beteken. Vergelykenderwys sou dus in hierdie geval ook gepraat kan word van 'n primaatstad, maar die skaal is nie naastenby vergelykbaar met sommige stede in ander ontwikkelende gebiede nie.

Op bladsy 24 van die Revue word dit gestel dat "Die dorpe is tans nog te klein om gespesialiseerde handels- en diensteondernemings te lok en dit wil voorkom asof daar gapoog word om te veel dorpe gelyktydig te ontwikkel". Prof Smit spreek ook sy bedenking uit oor die keuse van die liggings van sekere dorpe.

4. Die mobiliteit of migrasieneiging is duidelik maar dit is eerder gerig op werkgeleenthede buite die tuisland. Die Revue stel dit dan dat baie van die dorpe wat ontwikkel word slegs arbeidsreservoirs vorm met die gevolglike behuisingstekort en die ontstaan van plakkersgebiede.

5. Die selfbouskemas dien ook hier as 'n arbeidsintensiewe sektor en opleiding na meer geskoolde arbied.

6. 'n Desentralisasieproses wat in die geval van Lebowa die vestiging van nywerhede meer binnelands beteken mag onder die huidige toestande probleme skep maar indien bewerkstellig moet deeglike kennis van die informele sektor geneem word.

Ofskoon toestande van land tot land verskil, is dit duidelik dat die verstedelikingsproses in die Tuislande sorgvuldige oorweging en beplanning nodig het om, soos dit vroeër aangehaal is, die "blockages" te oorkom.

**VERWYSINGS:**


1. PAGE D.: The urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal; Publikasie van die Univisiteit van Pretoria No. 32. Van Schaiks, Pretoria 1966.

2. Butler, J. en P. Crooke: Urbanization London 1973.

3. Ekistics Vol. 41. No. 244 p.133.


4. Newcombe V.Z.: Creating an industrial development pole in Southern Italy Ekistics Vol. 30 No. 180, Nov. 1970 p. 382.


New books received from Edward Arnold, London.

1. Computer programming for spatial problems: by E. Bruce Mac Dougall. 1976

2. The study of urban geography: Harold Carter. 1975

3. Population analysis and models: Louis Henry. 1976


A GROWTH POLE AND REGIONAL CENTRES FOR THE CISKEI
Seymour
SEYMOUR REGION
Keiskammahoek
Alice
Middledrift
Dimbaza
King William's Town
MIDDLEDRIFT REGION
Mount Coke
East London
MOUNT COKE REGION
Peddie
Hamburg
PEDDIE REGION
T N